

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za





This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE

EDUCATION

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JUNIE EKSAMEN GRAAD 12

2026

REKENINGKUNDE

(VRAESTEL 2)

REKENINGKUNDE V2

TYD: 2 uur



PUNTE: 150

C2712A

X05

11 bladsye + 'n formuleblad en 'n 11 bladsy-antwoordboek



SA EXAM PAPERS

Proudly South African



INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. 'n Finansiële Aanwyser Formuleblad is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die berekeninge om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE berekeninge tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Syfers word NIE verlang in die grys geskakeerde areas NIE.
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Bankversoening en Debiteure-ouderdomsontleding	38	30
2	Krediteure-rekonsiliasie	21	17
3	Kosteberekeninge	52	42
4	Voorraad	39	31
TOTAAL		150	120



SA EXAM PAPERS

Proudly South African



VRAAG 1: BANKVERSOENING EN DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING (38 punte; 30 minute)

1.1 BANKVERSOENING

Antwoord die volgende vrae:

- 1.1.1 Verduidelik aan Sionskyn Handelaars waarom 'n bankversoening 'n belangrike interne kontrole is wat elke keer gedoen moet word wanneer die bankstaat ontvang word. Gee TWEE redes. (4)
- 1.1.2 Die besigheid ervaar probleme met vermiste kontant. Hulle vra jou raad oor:
- (i) Hoe om dit in die toekoms te voorkom (2)
 - (ii) Aksies wat teen die werknemer geneem moet word, behalwe afdanking of skorsing (2)

LET WEL: Gee EEN stukkie advies vir elk van die bogenoemde.

1.2 SONSKYN HANDELAARS

Die bankstaat word ontvang op die 25^{ste} dag van elke maand.

GEVRA:

- 1.2.1 Bereken die banksaldo van Sionskyn Handelaars op 30 April 2026. Dui aan of die saldo wat jy bereken het gunstig of ongunstig is. Toon ALLE berekeninge. (Jy mag 'n bankrekening gebruik om met die berekeninge te help.) (11)
- 1.2.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 April 2026 op. (9)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Maart 2026:

Saldo volgens bankstaat (gunstig)	2 850
Uitstaande deposito (10 Maart 2026)	7 000
(31 Maart 2026)	1 825
Uitstaande EFO:	
153	6 000
155	1 925
157	3 800
163	2 050
Saldo volgens bankrekening	?



SA EXAM PAPERS

Proudly South African



- B. Die volgende voorlopige totale is 'n uittreksel uit die Kontantjoernale op 30 April 2026:

Kontantontvangstejoernaal	R115 340
Kontantbetalingsjoernaal	R112 380

- C. 'n Vergelyking van die Bankstaat van April 2026 met die Kontantjoernale van April 2026 en die vorige maand se Bankversoeningstaat het die volgende verskille aan die lig gebring:

- EFO's 153, 155 en 157 verskyn op die April 2026 Bankstaat.
- EFO 163, uitgerek aan die DBV (SPCA), het korrek op die Bankstaat as R2 500 verskyn.
- Die bedrag van R7 000 is geboekstaaf in Maart in die Kontantontvangstejoernaal, maar die bank het bevestig dat die geld nooit gedeponeer is nie. Die boekhouer wat verantwoordelik is, kan nie bewyse verskaf om die teendeel te bewys nie.
- 'n Deposito van R1 825 verskyn op die Bankstaat op 1 April 2026, maar nie in die joernale vir April 2026 nie.

- D. Bankkoste ten bedrae van R645 en rente van R225 op 'n kredietsaldo verskyn op die bankstaat. Ingesluit in die bankkoste is 'n bedrag van R300, wat 'n kaartvervangingskoste van R150 is wat foutiewelik op die Bankstaat gedupliseer is.

- E. In die Kontantontvangstejoernaal is 'n inskrywing ten opsigte van 'n deposito wat op 30 April 2026 gemaak is, R8 730, wat nie op die Bankstaat verskyn nie.

- F. 'n Deposito van R1 450, ontvang van Dube Handelaars wat nie met die besigheid verband het nie het op die bankstaat verskyn. Die bank is ingelig van die fout.

- G. Volgens die bankstaat, het 'n huurder, mnr. M Pule, sy huur vir April 2026 direk in die besigheid se Bankrekening gedeponeer, R12 850.

- H. Die eienaar onttrek R1 900 van die OTM op 27 April om dagwerkers te betaal. Die eienaar het die strokie vir die boekhouer gegee, wat dit in die April Kontantjoernale geboekstaaf het.

- I. Die volgende EFO's verskyn nie op die Bankstaat nie, maar dit verskyn wel in die Kontantjoernaal op 30 April:

- EFO 313 vir R1 630 vir skryfbehoeftes aangekoop
- EFO 314 vir R2 540 vir instandhouding op voertuie

- J. Saldo volgens bankstaat op 30 April 2026: **R?**





1.3 DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING

BRILLIANT HANDELAARS

Brilliant Handelaars verkoop spysenieringstoerusting vir kontant en op krediet. Hul kredietterme is 30 dae. Brilliant Handelaars begroot dat 80% van debiteure volgens die kredietterme sal betaal.

GEVRA:

Bestudeer Inligting 1 en 2 hieronder en beantwoord die volgende vrae.

- Bereken die persentasie van debiteure wat nie volgens die kredietterme betaal nie. (4)
- Brilliant Handelaars besef dat hulle nie effektiewe beheer oor hul debiteure het nie. Bespreek TWEE probleme; gebruik syfers om hul kwellings te bevestig, en gee advies oor hoe hulle dit in die toekoms kan voorkom. (6)

INLIGTING:

1. Debiteure-ouderdomsontledingskedule vir April 2026:

DEBITEUR	TOTAAL	HUIDIGE	30 DAE	60 DAE	90 DAE
M Beleng	36 500	30 000	6 500		
R Maope	28 800	4 040	8 000	16 760	
L Mmesi	27 000	3 000	5 400	18 600	
S Nkuna	66 200	1 300			64 900
W Tau	8 600	4 600	4 000		
	R167 100				

- 2.

DEBITEUR	KREDIETLIMIETE	TOTAAL VERSKULDIG
M Beleng	30 000	36 500
R Maope	35 000	28 800
L Mmesi	24 000	27 000
S Nkuna	40 000	66 200
W Tau	10 000	8 600
		167 100



**VRAAG 2: KREDITEURE-REKONSILIASIE****(21 punte; 17 minute)**

Die inligting het betrekking op Olivedale Handelaars vir Maart 2026 wat hul voorraad op krediet aankoop vanaf verskeie verskaffers.

GEVRA:

- 2.1 Verduidelik kortliks die ooreenkoms en verskil tussen die inligting geboekstaaf in die Krediteurekontrolerekening en in die Krediteuregrootboek. (4)
- 2.2 Met inagneming van die foute en weglatings, bereken die korrekte saldo van die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek en die korrekte saldo van die Krediteurelys op 31 Maart 2026. Dui veranderinge aan met “+” vir ’n toename en “-”/() vir ’n afname. (17)

INLIGTING:

Vooraansuiweringsbedrae op 31 Maart 2026 (voor regstellings van die foute en weglatings).

Krediteurekontrolerekening saldo	R531 790
Krediteurelys totaal van die Krediteuregrootboek	R521 340
Bell Air Groothandelaars	R154 251
Kingfisher Handelaars	R180 360
Malibongwe Winkels	R138 600
Sharonlea Verskaffers	R48 129

Die volgende foute en weglatings is ontdek:

- A. Rente van R1 855 moet in berekening gebring word op die agterstallige rekening van Kingfisher Handelaars.
- B. Kredietaankope van R25 625 vanaf Sharonlea verskaffers is geboekstaaf aan die verkeerde kant van hul rekening. Stel die fout reg.
- C. ’n Betaling van R40 800 aan Malibongwe Winkels is korrek geboekstaaf in die KBJ maar die boekhouer het nagelaat om die betaling na die krediteur se rekening oor te boek.
- D. Kredietaankope van handelsware ter waarde van R165 565 vanaf Kingfisher Handelaars was foutiewelik as R195 565 in die KJ geboekstaaf en so oorgeboek.
- E. ’n Kredietsaldo van R24 922 op Malibongwe Winkels se rekening in die Debiteuregrootboek moet oorgeplaas word na hul rekening in die Krediteuregrootboek.
- F. ’n EFO betaling van R65 500 uitgereik aan Bell Air Groothandelaars was korrek in die KBJ geboekstaaf, maar is foutiewelik na Kingfisher Handelaars se rekening oorgeboek. Stel die fout reg.



**VRAAG 3: KOSTEBEREKENING****(52 punte; 42 minute)****3.1 KONSEPTE**

Kies 'n verduideliking uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 3.1.4 F.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Goedere-in-bewerking	A	Koste wat deel van die finale produk is
3.1.2	Gelykbreekpunt	B	Die verskil tussen totale verkoopsinkomste en totale koste is gelyk aan nul.
3.1.3	Indirekte materiaalkoste	C	Onvoltooide goedere nog in die fabriek teen jaareinde
		D	Kan nie direk aan 'n spesifieke eenheid of uitset gekoppel word nie.

(3 x 1)

(3)

3.2 IBIZA VERVAARDIGERS

Die besigheid vervaardig matriekbaadjies vir verskeie skole regoor die Gauteng-provinsie. Hul finansiële jaar eindig op 30 April 2026.

GEVRA:

- 3.2.1 Voltooi die Direkte Arbeidskoste-nota vir die jaar geëindig 30 April 2026. (6)
- 3.2.2 Voltooi die Fabrieksboekskoste-nota vir die jaar geëindig 30 April 2026. (10)
- 3.2.3 Stel die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 30 April 2026. (13)
- 3.2.4 Stel die Verkorte Inkomstestaat op vir die jaar geëindig 30 April 2026. (11)
- 3.2.5 Ibiza Vervaardigers het versekering vir beide die fabriek en die kantoor. Lys EEN item wat in die fabriek verseker kan word en EEN ander item wat in die kantoor verseker kan word. Maak seker dat die item wat jy vir die fabriek kies, nie dieselfde is as die een wat jy vir die kantoor kies nie. (2)
- 3.2.6 Bereken die verhouding waarvolgens die versekering tussen die drie departemente toegedeel word. (3)

**SA EXAM PAPERS**

Proudly South African

INLIGTING:

A. Die volgende saldo's verskyn in die boeke van Ibiza Vervaardigers:


	30 April 2026	30 April 2025
	R	R
Goedere-in-bewerking voorraad	?	18 000
Klaarprodukte voorraad	378 500	39 000
Indirekte materiaalkoste	21 520	11 800

B. Direkte arbeidskoste:

- Twee fabriekswerkers is deur die fabriek in diens geneem om baadjies te maak. Beide verdien dieselfde salaris.
- Elke fabriekswerker verdien 'n basiese salaris van R7 500 per maand.
LET WEL: 'n Bonus kan volgens die diskressie van die werkgewer betaal word.
- Alle fabriekswerkers behoort aan die Gula Mediese Fonds. Die werkgewerbydraes beloop R27 000 per persoon per jaar.
- WVF word teen 1% van die bruto salaris afgetrek en 'n verdere 1% word deur die besigheid vir al die fabriekswerkers bygedra.

C. Addisionele koste:

- Die verkoopsbestuurder verdien 'n basiese salaris van R12 500 per maand en hy is nie geregtig op enige jaarbonus of bydraes nie.
- Die fabriekstoesighouer ontvang 'n netto salaris van R136 000 p.j. Al die werknemer-aftrekkings beloop 15% van die bruto salaris. Daarby, dra Ibiza Vervaardigers 5% van die bruto salaris by as die maatskappy se deel tot die toesighouer se voordele.
- Indirekte materiaal wat R18 900 gekos het, is gedurende die jaar gekoop. Indirekte materiaal gebruik gedurende die jaar word in die verhouding 2 : 1 tussen die fabriek en verkope verdeel.
- R22 000 van die waardevermindering is korrek toegedeel na die verkoopsdepartement. Waardevermindering word soos volg toegedeel: 70% na die fabriek, 20% na verkope en 10% na administrasie.
- Die totale huuruitgawe vir die jaar is R128 800. Die fabriek beslaan 720 m² van 'n totaal van 1 200 m². Die oorblywende spasie word gelykop gedeel tussen die administrasie- en verkoops-departemente.





- Die versekeringsuitgawe vir die jaar word soos volg toegedeel:
R15 000 aan die fabriek, R6 000 aan die administratiewe-departement en R9 000 aan die verkoopsdepartement.

D. Ander Inligting:

	30 APRIL 2026
Primêre koste per eenheid	R98
Verkope	R703 050
Koste van verkope	?
Winsopslag (%)	200%
Eenhede geproduseer	4 000
Eenhede verkoop	2 300

3.3 INGWE HANDELAARS

Die volgende inligting het betrekking op Ingwe Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026.

GEVRA:

Lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en eenhede geproduseer vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026.

(4)

INLIGTING:

	28 FEBRUARIE 2026	28 FEBRUARIE 2025
Veranderlike koste/eenheid	R922	
Vaste koste	R780 000	
Eenhede geproduseer en verkoop	9 600	11 500
Gelykbreekpunt	10 000	10 200
Verkoopprijs per eenheid	R1 000	R920



**VRAAG 4: VOORRAADSTELSELS****(39 punte; 31 minute)****GOOFY GOLFING BPK.**

Gregory Ferdinand is die meerderheidsaandeelhouer en HUB van Goofy Golfing Bpk. Die maatskappy verskaf gholphemde, gholfhoedjies en gholfstokke.

Die periodieke voorraadstelsel word gebruik. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2026.

GEVRA:**GHOLFHEMDE**

- 4.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad van gholphemde op 28 Februarie 2026 deur die eerste-in-eerste-uit (EIEU) metode te gebruik. (6)
- 4.2 Bereken die voorraadhoudingstydperk vir gholphemde deur die eindvoorraad te gebruik. (3)

GHOLFHOEDJIES

- 4.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad vir gholfhoedjies op 28 Februarie 2026 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (5)
- 4.4 Gregory is bekommerd oor die beheer van gholfhoedjies. 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat een van die bestuurders ekstra gholfhoedjies bestel deur die besigheid en dit privaat verkoop om sy salaris aan te vul.
- (i) Bereken die aantal vermiste gholfhoedjies. (5)
- (ii) Verskaf TWEE voorstelle om die probleem in die toekoms te voorkom. (4)

GHOLFSTOKKE

- 4.5 Gedurende Maart 2025, het Gregory aan 'n internasionale toernooi deelgeneem. Brad Scrooge, die Hoof Finansiële Beampte, het besluit om gholfstokke by hul produkkreeks te voeg. Hy kon 'n afslag vir grootmaataankope te beding met Ridgeway op die Titleiststokke.
- Bereken die waarde van die eindvoorraad van gholfstokke op 28 Februarie 2026 deur die spesifieke-identifikasiemetode te gebruik. (7)
- 4.6 Bereken die winsopslagpersentasie wat bereik is op die gholfstokke in 2026. (3)
- 4.7 'n Werknemer van Ridgeway het vir Gregory vertel dat Brad Scrooge 'n 10%-“kommissie” verdien by Ridgeway vir die aankoop van oormaat voorraad. Gregory wil dit by op die volgende raadsvergadering bespreek.
- Verduidelik DRIE knelpunte wat Gregory oor dié probleem sou hê. (6)

**INLIGTING:****A. Voorraadrekords van gholphemde en gholfoedjies:**

	GHOLFHEMDE			GHOLFHOEDJIES	
	EEN-HEDE	EEN-HEIDS-PRYS	TOTAAL	EEN-HEDE	TOTAAL
Voorraad saldo's					
1 Maart	270	R 470	R126 900	350	R91 000
28 Feb	180		?	165	?
Aankope					
Mei	300	R 600	R180 000	750	R225 000
Augustus	1 150	R 700	R805 000	1 400	R441 250
November	150	R 900	R135 000	650	R266 500
Totaal	1 600		R1 120 000	2 800	R932 750
Terug-sendings	15	R 900			
Verkope	1 675			2 865	
Koste van verkope					R930 375

B. Inligting rakende gholphemde:

- Geen gholphemde is vermis gedurende die finansiële jaar nie.

C. Voorraadrekords van gholfstokke:

	MODEL	EEN-HEDE	EENHEIDS-PRYSE	TOTAAL
Aankope				
April 2025	Srixon ZX15	7	R22 000	R154 000
	Titleist T250	5	R30 000	R150 000
	T-reeks	10	R14 000	R140 000
Julie 2025	Srixon ZX15	5	R22 000	R110 000
	Titleist T250	3	R30 000	R 90 000
	T-reeks	8	R14 000	R112 000
TOTAAL		38		R756 000
Verkope	Srixon ZX15	8	R29 700	R237 600
	Titleist T250	4	R40 500	R162 000
	T-reeks	16	R18 900	R302 400



GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhouersekwhiteit
(Handels & ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwhiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien onderstaande nota)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwhiteit} + \text{Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersekwhiteit}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Interim dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto wins na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: * In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die gewoogdegemiddelde-aantal aandele in die praktyk gebruik.	

